sapapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou



LIVEWORKSHEETS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.



LIVEWORKSHEETS

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die koerantartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**ESTHER SE DROOM: 'N BESIGHEID WAT GROEI**

**Gee vir haar net plastiek en sy blom**



1 Esther Mere is van Coligny in Noordwes. Sy het egter by haar ouma in Mahikeng grootgeword. Daar het dit maar moeilik gegaan. "Daar was partykeer nie genoeg geld vir kos nie. Ek het nie die geleentheid gehad om matriek te skryf nie. In 2007 is ek terug na my ma en drie jonger sussies wat buite Coligny in 'n township woon." Daar het dit nie veel beter gegaan nie. Esther se ma, Betty Sekomere, is 'n enkelma en werkloos. "Ons het vir die volgende ses jaar oorleef deur eetgoed aan skoolkinders te verkoop." Maar toe het die wiel vir Esther gedraai. Vandag het sy 'n werk en haar eie besigheid.

2 Esther werk sedert 2013 as seisoenwerker by 'n fabriek by Monsanto waar mieliesaad verpak word. Sy sê sy was baie dankbaar toe sy dié werk gekry het, al was dit net vir sekere tye van die jaar. Haar werk is om die maatskappy se logo op die pakkies saad wat verkoop word, te plak. Sy geniet haar werk en voel dat sy iets belangriks doen.

3 Esther voel verantwoordelik vir die res van die gesin, want sy is mos die enigste een wat 'n werk het. Omdat haar ma werkloos is, moet sy haar drie sussies versorg. "Ek móés ekstra geld verdien. Daarom het ek verlede jaar met die gedagte begin speel om iets met Monsanto se afvalplastiek te doen."



LIVEWORKSHEETS

4 Maria Mweli, 'n ouer vrou wat saam met Esther gewerk het, het haar geleer hoe om met die plastiek te hekel. Nou maak sy die plastiek bymekaar gedurende die maande wat sy by die fabriek werk. Esther geniet dit om met haar hande te werk en hou daarvan om te hekel. Sy hekel die mooiste handsakke en piekniekmandjies.



5 Ubuntu is vir Esther die kern van liefde teenoor ander mense. Daarom leer sy ander mense, veral vroue, ook hoe om met afvalplastiek te hekel. Die produk van die afvalplastiek is pragtig en bruikbaar. "Ek ken swaarkry. Daarom wil ek ander mense help om hulleself te help," sê dié 28-jarige vrou. Esther fokus veral op die vroue van die gemeenskap by Monsanto naby Lichtenburg.

6 Die hoof van 'n skool vir kinders met leerprobleme in die Itoseng-township naby Lichtenburg het vir Esther gevra om hierdie skool se leerlinge ook te leer om met plastiek te hekel. Dit is belangrik dat hierdie kinders met hulle hande moet kan werk omdat die meeste van hulle nie verder kan studeer nie.

7 Esther adverteer nie haar produkte nie. Kopers hoor deur ander mense daarvan. Dis op almal se lippe. "Baie mense in Lichtenburg bestel by my. Hulle hou baie van die piekniekmandjies, veral omdat dit maar mag nat word," sê sy.

8 Rina Rootman, 'n bestuurder by Monsanto, sê die maatskappy gee hulle afvalplastiek vir Esther om in haar besigheid te herwin. "Ons sou dit in elk geval moes weggooi." In Suid-Afrika word herwinning al hoe meer gebruik om werk aan duisende mense te verskaf. Volgens Rina gebruik baie ander lande egter robotte om plastiek vir herwinning te sorteer.

9 Dit is Esther se ideaal om eendag aan die stuur van haar eie, nóg groter besigheid te staan. Sy wil meer vroue oplei en bemagtig. Sy werk reeds aan dié plan. Sy wil binnekort hierdie besigheid onder die naam *A New Foundation* registreer.

10 Esther inspireer baie werklose Suid-Afrikaners omdat sy bo haar omstandighede uitgestyg het. Sy het 'n geleentheid raakgesien en dit met albei hande aangegryp. Esther Mere gaan 'n sukses van haar lewe maak, want sy is 'n entrepreneur wat nie skrik vir moeilike uitdagings nie. Ons hou jou dop, Esther ...

[Verwerk uit *Beeld*, 16 September 2016]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 In watter provinsie woon Esther? (1)

1.2 Wat het Esther-hulle tussen 2007 en 2013 gedoen om aan die lewe te bly? (1)



LIVEWORKSHEETS

1.3 Esther het onder moeilike omstandighede grootgeword. (Paragraaf 1)

1.3.1 Op watter TWEE maniere het Esther se moeilike omstandighede haar lewe negatief beïnvloed? (2)

1.3.2 Hoe het hierdie moeilike omstandighede Esther se lewe positief beïnvloed? (1)

1.4 Hoekom kon Esther se ma nie vir haar help om 'n besigheid te begin nie? Gee TWEE redes. (2)

1.5 Watter EEN woord in paragraaf 2 dui aan dat Esther net sekere tye van die jaar by Monsanto werk? (1)

1.6 Watter werk doen Esther by Monsanto? (1)

1.7 Wat het Maria Mweli vir Esther geleer? (1)

1.8 Noem TWEE van die produkte wat Esther vir haar besigheid maak. (2)

1.9 "Ubuntu is vir Esther die kern van liefde teenoor ander mense." (Paragraaf 5)

1.9.1 Wat doen Esther in die gemeenskap wat by die gedagte van Ubuntu aansluit? (1)

1.9.2 Waaruit kan 'n mens aflei dat Monsanto vir Esther in haar gemeenskapsprojekte ondersteun? (1)

1.10 "Daarom wil ek ander mense help om hulleself te help," sê dié 28-jarige vrou. (Paragraaf 5)

1.10.1 Hoekom, dink jy, het Esther haar hulp spesifiek op vroue gefokus? Gee TWEE redes wat jy uit die leesstuk aflei. (2)

1.10.2 Waarom is dit goed dat Esther kinders met leerprobleme leer om met hulle hande te werk? (1)

1.11 Die mense is tevrede met Esther se produkte.

Gee 'n rede waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.12 Hoe **verskil** Suid-Afrika se manier van herwinning van ander lande s'n? Verwys in jou antwoord eers na Suid-Afrika en dan na ander lande. (2)

1.13 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.13) en die antwoord neer.

Die foto boaan die teks sluit die beste by (paragraaf 1/paragraaf 4) aan. (1)

1.14 Watter boodskap dra die oop slot aan Esther oor? (1)



LIVEWORKSHEETS

1.15 Watter sin in paragraaf 9 ondersteun die titel die beste? Skryf die hele sin neer. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.16) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.16 E.

Watter idiomatiese beskrywing pas die beste by Esther se lewe?


A Esther het berge versit.
B Esther is so oud soos die berge.
C Esther het 'n berg van 'n molshoop gemaak.
D Esther het vir ander mense goue berge belowe. (1)

**GRAFIEK**

**TEKS B**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die grafiek hieronder dui die getal toeriste aan wat Suid-Afrika in 'n spesifieke maand in 2015 en 2016 besoek het.




1.17 Na watter maand in 2015 en 2016 word in die grafiek verwys? (1)


LIVEWORKSHEETS

1.18 Watter land se getal toeriste na Suid-Afrika het in 2016 die meeste toegeneem? (1)

1.19 Hoe weet jy dat die inligting in hierdie grafiek akkuraat is? (1)

1.20 Meer Britte as Spanjaarde het Suid-Afrika in die spesifieke maand in die twee jaar besoek. Waarom, dink jy, is dit vir die Britte maklik om met Suid-Afrikaners te kommunikeer? (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.21 E.

Die teikengroep van hierdie grafiek is mense wat ...

A toere na Suid-Afrika reël.
B elke dag met grafieke werk.
C toere na oorsese lande reël.
D ander oorsese lande wil besoek. (1)

1.22 Die verskillende lande se landsvlae en name verskyn op die grafiek. Waarom, dink jy, was dit nodig om die lande se name ook by te voeg? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



LIVEWORKSHEETS

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som SEWE wenke om jou huis te beveilig terwyl jy vakansie hou, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer, maar moenie meer as een wenk oor 'n beveiligingsaspek gee nie.
3. Skryf slegs EEN wenk per sin neer.
4. Nommer die wenke van 1 tot 7.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**BEVEILIG JOU HUIS TERWYL JY VAKANSIE HOU**

Hoe kan jy jou huis gedurende vakansies beveilig?

Stel die polisie in kennis sodat hulle kan oplet wanneer hulle jou buurt patrolleer. Inbrekers kom gou agter as daar nie lewe by 'n huis is nie. Daarom is dit raadsaam dat dit lyk asof daar wel iemand tuis is. Daar is nogal heelwat dinge wat jy kan doen om die indruk te skep dat jou huis bewoon word. Vra vir jou buurman om 'n ogie oor jou huis te hou. As hy jou kontakbesonderhede het, kan hy jou kontak as daar 'n probleem is. Jy kan inbrekers bang maak met kennisgewings wat aandui dat daar slange in jou huis is. Hulle sal dan twee keer dink voordat hulle by jou huis inbreek. Dit is belangrik om elektriese toestelle se kragproppe wat nie tydens jou vakansie gebruik gaan word nie, uit te trek. Dit sal verhoed dat jou huis as gevolg van 'n kortsluiting aan die brand slaan. Mense bêre dikwels hul huis se sleutel onder 'n blompot of bo-op die deurkosyn. Dit maak dit maklik vir inbrekers om toegang tot jou huis te kry. Jy moet dus keer dat inbrekers jou sleutel in die hande kan kry. Baie mense plaas persoonlike inligting op sosiale media; ook hulle vakansieplanne of foto's van waar hulle vakansie hou. Inbrekers weet dan dat jy nie tuis is nie. Speel eerder veilig en stuur selfoonboodskappe aan jou vriende as jy jou vakansiepret met hulle wil deel.

[Verwerk uit www.silvertonpca.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



LIVEWORKSHEETS

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Taalgenoot*, Kwartaal 1, 2016]

3.1 Noem TWEE maniere waarop die woorde in die kop van die advertensie beklemtoon word. (2)

3.2 Verduidelik die WOORDSPELING in die volgende sin:

Hou hierdie feestyd spaar-saam-ig-heid in gedagte ... spaar saam! (2)



LIVEWORKSHEETS

3.3 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Jy moet nou vir (...) ATKV motor- en huisversekering kry! (1)

3.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

"Ag nee! Ons het dan nou (min) geld as gewoonlik." (1)

3.5 Wat doen die man en die vrou in die advertensie om te wys dat hulle min geld het? (1)

3.6 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

As julle nie eendag (arm) wil wees nie, moet julle leer om slim te spaar. (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.7) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.7 E.

**DOEN DIT NOU ...**
**en kyk hoe jy in Desember ekstra geld in**
**jou agtersak kan kry.**

Hierdie woorde is 'n voorbeeld van ...

A sarkasme.
B oordrywing.
C manipulering.
D veralgemening. (1)

3.8 Met watter EEN woord in die advertensie skakel die prentjie hieronder?



(1)

**TOTAAL AFDELING B: 10**




LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die spotprent hieronder gebaseer.
- Die nommering in die spotprent verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Daar mag opsetlike taalfoute in die spotprent wees.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Volksblad*, 10 Oktober 2016]

4.1 Kies die korrekte WERKWOORD tussen hakies.

(Gebruik/Neem) maar jou tyd, Mister. (1)

4.2 Verbeter die SPELFOUT in die sin hieronder.

Die leeu gaan nerens heen nie. (1)

4.3 Watter visuele tekens is daar in die strokiesprent dat hierdie leeu nie 'n "wilde, gevaarlike dierasie" is nie? Noem TWEE tekens. (2)



LIVEWORKSHEETS

4.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.4) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.4 E.

Die uitdrukking "Loop maar katvoet" beteken dat jy ...

A saggies moet beweeg.
B op jou tone moet loop.
C soos 'n kat moet loop.
D versigtig moet wees. (1)

4.5 Verduidelik die IRONIE in die sin hieronder.

"Hy's die gevaarlikste spesie op aarde!" (2)

4.6 Gee 'n beter AFRIKAANSE woord(e) vir die slengwoord "Koebaai". (1)

4.7 Wat is die funksie van die vraag hieronder in hierdie spotprent?

"Is geblikte leeujag reg?" (1)

4.8 Hoe kry die spotprenttekenaar dit reg om die mans in hierdie spotprent as jagters uit te beeld? (1)
**[10]**



LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die teks (TEKS F) en die prent en dagboekinskrywing (TEKS G) gebaseer.
- Die nommering in die artikel en dagboekinskrywing verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

## TEKS F

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**JY MOET OPPAS. JOU SELFOON KAN NET SOOS 'N DWELM WORD.**

Jy gryp (5.1.1) (in die oggend) na jou selfoon nog voordat jou oë mooi oop is. (5.1.2) Jou selfoon is op die bedkassie. Jy voel skielik (5.1.3) (benoud) en alleen. (5.1.4) Jy voel só oor jou selfoon. Die kans is goed dat jy 'n selfoonverslaafde is.

Verskeie studies het al (5.1.5) (verwys/bewys) dat dit moontlik is. In sekere gevalle is die (5.1.6) (negatief) gevolge selfs erger as wat 'n mens mag dink.

Navorsers het bevind dat 'n selfoonverslaafde op dieselfde manier (5.1.7) (reaksie) as iemand wat aan dwelms verslaaf is. (5.1.8) Selfoongebruikers spandeer baie geld aan selfoondienste. Hulle het later ook nie meer tyd vir die mense om hulle nie. Wanneer dit gebeur, mag dit dalk nodig wees (5.1.9) (bêre jou selfoon 'n bietjie).

Dwelmgebruik veroorsaak probleme vir mense op (5.1.10) (persoonlike) en professionele vlak. Dieselfde gebeur met mense (5.1.11) (wie/wat) aan hul selfone verslaaf is. (5.1.12) Hulle ignoreer hulle werk en hulle kinders.

Jy moet (5.1.13) (eerlik/jou selfoongebruik/elke dag) evalueer. Kyk na jou eie situasie. As jy voel dat jy glad nie sonder jou selfoon kan klaarkom nie, moet jy die rooi (5.1.14) (lig) sien flikker.

[Verwerk uit *Netwerk24*, 30 Augustus 2016]

5.1.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Jy gryp (in die oggend) na jou selfoon nog voordat jou oë mooi oop is. (1)

5.1.2 Skryf die sin hieronder in die ONTKENNENDE VORM.

Jou selfoon is op die bedkassie. (1)

5.1.3 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Jy voel skielik (benoud). (1)

5.1.4 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Jy voel só oor jou selfoon. Die kans is goed dat jy 'n selfoonverslaafde is. (Indien)

Begin só: Indien … (1)



LIVEWORKSHEETS

5.1.5 Kies die korrekte WOORD uit dié tussen hakies.

Verskeie studies het al (verwys/bewys) dat dit moontlik is. (1)

5.1.6 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

In sekere gevalle is die (negatief) gevolge selfs erger as wat 'n mens mag dink. (1)

5.1.7 Vorm 'n WERKWOORD van die woord tussen hakies.

Navorsers het bevind dat 'n selfoonverslaafde op dieselfde manier (reaksie) as iemand wat aan dwelms verslaaf is. (1)

5.1.8 Skryf die sin in die LYDENDE VORM oor.

Selfoongebruikers spandeer baie geld aan selfoondienste. (1)

5.1.9 Verbeter die sin deur die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF te skryf. Skryf die hele sin uit.

Dit mag dalk nodig wees (bêre jou selfoon 'n bietjie).

Begin só: Dit mag dalk nodig wees ... (1)

5.1.10 Verdeel die hele woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Dwelmgebruik veroorsaak probleme vir mense op (persoonlike) en professionele vlak. (1)

5.1.11 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Dieselfde gebeur met mense (wie/wat) aan hul selfone verslaaf is. (1)

5.1.12 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Hulle ignoreer hulle werk en hulle kinders. (1)

5.1.13 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE oor.

Jy moet (eerlik/jou selfoongebruik/elke dag) evalueer.

Begin só: Jy moet … (1)

5.1.14 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

As jy voel dat jy glad nie sonder jou selfoon kan klaarkom nie, moet jy die rooi (lig) sien flikker. (1)



LIVEWORKSHEETS

**TEKS G**

5.2 Bestudeer die prentjie en dagboekinskrywing en beantwoord dan die vrae.



[Bron: shutterstock.com]

10 Maart 2018

Liewe Dagboek

(5.2.1) (...), dit reën uiteindelik!

Toe Ouma vandag by die huis ingestap het, het sy uitgeroep: "(5.2.2), dit reën uiteindelik! Die reën is 'n aangename verrassing!" Sy het vir my die mooiste (5.2.3) (*umbrella*) van die winkel af saamgebring. Ek het dadelik lekker (5.2.4) (koel) aangetrek en uitgegaan. Die (5.2.5) (onweer+wolke) was donker in die lug. Die (5.2.6) (reëndruppels) het sag op die grond geval.

Praat weer later ...

5.2.1 Voltooi die sin met 'n gepaste UITROEP.

(...), dit reën uiteindelik! (1)

5.2.2 Skryf die ouma se woorde in die INDIREKTE REDE.

"Die reën is 'n aangename verrassing!"

Begin só: My ouma het uitgeroep dat ... (1)



LIVEWORKSHEETS